

KruisKerk NetWerk Media

CD Katalogus

Posbus 4692, George-Oos, 6539 E-Pos: stphnkhn@gmail.com Heila Selfoon: 0721585166. Bankbesonderhede: Capitec Bank, KruisKerk Netwerk, Rekening: 1324170709, Takkode:470010 (R15 donasie per CD plus totale posgeld en verpakking)

Dit staan u vry om hierdie CD's te kopieer en te versprei

1301 Amadeus Die storie van Bach en hoe dit ons raak. Een van Stephen se beste boodskappe. Besef wie jy werklik is, God se mens. Jy was al in die Hemel. Kan dit wees? Luister wat Jesus self sê liewe hemeling.

1302 Die Koninkryk Kom IN Ons Stephen se droom, sy persoonlike en ernstige gesprek met die Gemeente, wat as basis dien vir die verspreiding van hierdie ChristLife boodskap, en die potensiaal van die Koninkryk wat in jou is. Kragtig.

1303 Psalm 23 –Psalm 23 deur die Kruis van Christus gesien, gaan jou “bless”. ‘n CD wat u gaan bemoedig en vul met verwagting en hoop.

1304 Asemrowende skoonheid van God Jesus is mooi. Rusland het na Jesus gekom destyds, omdat die keiser beindruk was met die estetiese prag van die Bisantynse era, wat Jesus uitgebeeld het as pragtig. ‘n Boodskap wat die hart vasgryp. Jesus is mooi. Hy is die Geliefde. Christenskap is geestelike romanse.

1305 Die verlore deel van die Evangelie Radikaal. Die deel van die Evangelie wat die kerk nie wil preek nie. God se skattejag program.

1306 Gearressteer deur Christus. Christus as ek. Dieper aspekte van wie ek is deur Christus in my. Die diepte van: Ek leef nie meer nie - word ondersoek en die resultaat is een wonderlike openbaring. In Paulus se Evangelie hoor jy nooit – ek en Christus nie. Dit is Christus as ek. Hy wil nie net by my wees nie – Hy wil meer wees as dit. Sonder jou wil God niks doen nie.

1307 Yom Risshon – Die verborge Nuwe Skeppingswaarhede verborge in hierdie Hebreeuse woord – “Jou nuwe begin” en die skokkende betekenis van “die ou dinge is verby”.

1308 Van die Kruis tot die Kroon (*“Powerfull”. Sit jou sitplekgordel vas.. hierdie Reeks van 5 CD’s is dinamies!!!!” Are you ready for a lift off.”* Wat het met Jesus gebeur vanaf die kruis tot die kroon, en dan die skokkende ontdekking, dit is wat met my gebeur het. Oorwinnende Reeks.

1309 Fellowship met die misterie – Revelation met hierdie misterie bring ‘n bo-aardse Hemelse belewenis. Vader roep ons na ‘n plek van saamwees met Hom, waar ons Sy heerlijkheid kan beleef en die werklikheid van wie Hy is.

1310 Geboortepyne van die Nuwe Skepping GeboortePyne. Wat Jesus gedoen het om jou te kry. Jou oë sal oopgaan.

1311 Hebreeuse woorde vol Geheime (Diep verborge betekenis in sekere Hebreeuse woorde weggesteek, wat my wêreld nog mooier kom maak het en my kom verras het. “Offer” en “sonde” is dieselfde woord.

1312 Genade, voordat ek genade verstaan het. (Kom lag saam met ons oor hoe skynheilig ons onder die wet ons kon wees. Dis bevrydend en opwindend, maar ook vol wonderlike Goeie Nuus. Die druk is af, ons is veilig.)

1313 Ons Hoëpriester Jesus se hemelse bediening is net so belangrik is as sy aardse bediening aan die kruis. Dit is 2 CD’s wat elke gelowige behoort te hê. Wat aan die kruis gebeur het, het die Nuwe Testament kom begin, en wat Hy as Hoëpriester vir jou nou doen begin ‘n nuwe rewolusie in n wêreld waar die wet die norm is.

1314 Een as almal (As een gesterf het , het almal gesterf. One for all. En Jesus het die mens nie kom herstel soos God Hom oorponklik geskep het nie. “Veel meer.” Hierdie “veel meer” maak oë oop. Hierdie CD word baie sterk aanbeveel vir elke gelowige wat die vryspraak liefhet. Jy sal nie weer dieselfde

kan wees hierna nie. God is nie geïnteresseerd in jou offers nie. Hy het klaar wat Hy wil hê, die een OFFER van SY Seun)

1315 Help alles loop verkeerd. Wat is die doel van al die slegte goed wat met ons gebeur? Die toepassing van die Kruis op ons lewe word soms misverstaan. Wat beteken dit om geïnteresseerd te wees in die godsaligheid. Wat beteken dit alles werk ten goede mee? Help, alles loop verkeerd – wat moet ek doen?

1316 Geloof in “wholeness” bring Rus. Hoekom het die Here tydens elke Skeppingsdag gese dit is goed so – Hoekom maak God 'n onderskeid met die 7de dag omdat Hy dit nie as goed verklaar nie, maar as heilig. God rus op die dag wat Hy heilig noem. Die nuwe Skepping in Christus heilig God ons en Jesus gaan rus, toe Hy gaan sit aan die Regterhand van God. Hoekom sit Jesus en hoekom nooi Hy ons om weer saam te kom rus in die sabbatrus van die nuwe skepping. Heb.4 praat van 'n lewe van rus in plaas van een dag per week.

1317 Bloedlynvloeke (Die groot leuen “expose” . Jesus self het teen bloedlynvloeke gepreek. Moenie aan die duiwel soveel plek gee nie deur te glo in hierdie lerstelling van bloedlynvloeke nie , kerk, en al die beraders wat dink dat hulle iets moet byvoeg by die kruis van Jesus.

1318 Die Finale Evangelie (5 CD's. 'n Reeks wat vir u gaan wys wat is die kerk se Evangelie, jou Evangelie en hoe om die waarheid reg te sny. Vader se skeppingsdoelwit vir jou lewe word hierin ontdek. Kom luister waarmee die Vader besig is, dit is nie altyd waarmee die kerk besig is nie. Onderskei wet en genade, Ou- en Nuwe testament. Sien die verskil tussen dienskneg-wees en seunskap.

1319 Elke oomblik Geregverdig (Altyd vrygespreek, sonder belydenisse. Geen skuldgevoelens meer nie. Altyd aanvaarbaar en geliefd. Dit wat die Reformasie destyds gevond het, word weer ontdek)

1320 Die binnehof en die buitehof. Nie n goeie Godsdienstige boodskap nie. Vir mense wat Bruidsgereed is.

1321 God IS Vader het bepaal dat Sy IS jou IS kan wees. Dit maak Christenskap nie inspanning nie, maar 'n natuurlike lewe)

1322 Paulus se Evangelie. 5 CD's. Die apostel van genade. Paulus, die kerk se apostel. Paulus se Evangelie vertel ons wat Jesus nie kon vertel nie. Wat het Jesus bedoel toe Hy vir Sy dissipels gese het: *“Daar is nog baie dinge wat Ek vir julle wil sê, maar julle kan dit nou nie vat nie”*

1323 Die BloedVerbond – Reeks van 13 CD's. Aangebied in 'n Bybelskool Die hele klas se lewens het so verander en almal was so geïnspireer deur hierdie Reeks, dat mense nog steeds nie kan ophou praat hieroor nie. Andrew Murray was destyds aangevuur deur die boodskap van die Bloedverbond.. Die wonder van God se MeesterPlan binne die Nuwe Verbond is asemrowend en wonderlik vir ons as onvolmaakte mense. Die rykdomme versteek in die Ou testament is soos 'n diep goudmyn waarin gedelf moet word om die verborge boodskap van God vir Sy Finale Plan en om dit te ontdek en te ontgin is opwindend. Alles kom neer op God se voorsiening van Genade binne die Bloeverbond tussen God en Sy Seun. Ontdek saam met ons die stappe in Verbondsluiting – die karat biriet in Hebreeus, wat beteken om te sny sodat daar Bloed vloei. Die krag in die Bloed en die waarde wat God daaraan heg is wonderlik.

1324 Moses, Jesus en Elia. Op die berg van verheerliking. Wat het hier gebeur?? Hoekom het dit gebeur???

1325 – Gesindheid Terwyl die Israelitiese soldate gesidder het voor Goliath het die jonge seuntjie, Dawid, kans gesien vir hom. Wat is die verskil? Gesindheid. Die soldate se gesindheid was: Die reus is so groot ons sal hom nooit kan omkry nie. Dawid se gesindheid was: Hy is so groot, ek sal hom nooit kan misgooi nie. Positiewe gesinheid vat ons na goeie plekke.

1326 – Torah en die Heilige Gees. 50 dae na die eerste Paasfees in Egipte ontvang die volk die Torah(die Wet). 50 dae na die laaste Paasfees(wat God erken) in Jerusalem ontvang die mense die Heilige Gees. Is dit toeval???

1327 – Sinai en Sion. (2cd's) Twee berge. Twee verbonde. Twee berge wat radikaal verskil in atmosfeer. Heb.12 vertel ons waarby ons as gelowiges gekom het in Sion, die gemeente van eersgeborenes. Wat beteken dit??? En hoekom was die Engele by Sinai stil , maar by Sion word hulle beskryf as n feestelike vergadering van tienduisende engele.

1328 Die Misterie (3 CD's – Oudtshoorn) – Vader se Plan in 'n Misterie weggesteek. Jou Skeppingsdoelwit verborge binne hierdie Misterie. Ware Christenskap is in hierdie Misterie. Dit is die Evangelie van die Misterie. Die Misterie is God se plan vir elke mens.Vader se hart en hoop le in hierdie Misterie. Sy droom vir jou le hierin. Die enigste manier om te weet wie Christus is, is deur die openbaring van hierdie Misterie. Die Evangelie in ons dae ignoreer hierdie Misterie. Paulus praat van sy Evangelie en noem dit die Finale Evangelie. Sy Evangelie van die laaste dae. Paulus se Evangelie is die kerk se Evangelie. Hy noem sy Evangelie n misterie, maar dit word nie meer verkondig nie.

1329 SUKSESVOL of GEWILLIG – 'n Eerlike antiobagriefie van Paulus se lewe en bediening in die praktyk volgens 2Kor. Hy roem in sy swakheid. Hy het somtyds bedroef geword . Die geloofs/prosperity predikers sal dalk dink Paulus het te min geloof gehad. Daarom ignoreer hulle groot dele in 2 Kor.

1330 DISPENSASIES8 CD's. Hierdie Reeks is alreeds vir die laaste 10 jaar beskikbaar en is die Reeks wat die meeste lewens aangeraak en die meeste terugvoer gebring het. Dit gaan oor God se MeesterPlan vanaf Genesis tot Openbaring en hoe die Here gedeeltes van Sy Plan bekend gemaak het en die aarde voorberei het tot by sy Finale plan , die openbaring van die Verheerlikte Christus.

1331 PaasFees en Nagmaal. Die Nagmaal en die PaasFees is nie dieselfde nie.

1332 – Ons siele en die Teenwoordigheid van die Here. Hy is in ons, maar ons ervaar Hom nie. Die Teenwoordigheid van Christus is die wese van ons Christenskap. Ervaar jy Hom so?? “We have make an idol of The Bible, but Jesus is not in the pages of the Scriptures, He is merely mirrored there to be unveiled in you.” bedien.

1333 – Paulus en die Galasiërs. 1 CD. Ideaal vir mense wat nog dink dat ons Joodse Feeste, Joodse gebruike of enige Joodse wette moet hou of dat ons nog die Wet moet hou.

1334- Abba Vader. Wie is God werklik? Wie was Hy voordat Hy Skepper en Regter was?? Jesus gee Sy verhouding met Sy Vader aan ons. Die intimiteit van ‘n klein kindjie en pappa, dit is die Evangelie. ‘n Wonderlike boodskap vir alle gelowiges, maar veral vir diegene met kwaai of dronk of geen pa’s.

1335 – Die godsdienstige skandaal van oorvloedige Genade. ‘n Skokkende Boodskap oor te veel genade.

1336 – Die Boek Hebreërs se Hoogtepunte?HOOFSTUK EEN:

1337 – Die gewilde Leer of die Kruis.Die toring van Babel gaan oor mense wat by God wou uitkom. Ons lees baie kere ook ons Bybels so. Die mens wil leer klim na God toe deur selfpoging, maar Hy het afgekom na ons toe en

wag vir ons by die voet van die Kruis. Hy staan nie by die bopunt van ons lere en wag vir ons nie.

1338 Die Bybel 'n Foto Album vol helde?

1339 Aaklige Skuldgevoelens !!!!! Een CD. Skuldig !!! Vandat die eerste mense in sonde geval het is skuldgevoelens met ons. Ons word daarmee omring en dit maak 'n mens somtyds siek. S

1341 – Die Wegraping en profesie. Is daar 'n wegraping? 2 CD's Daniel se 69 weke en die een uitstaande week ondersoek en allerhande interessante endtyd waarhede. 'n Kort reeksie wat mooi aansluit by die Dispensasie Reeks.

1343 'n Dieper kyk in die Skatkamer van ons Vader. 5x CD's.

Ontdek die Vader se oospronklike bedoeling met die lewe. Wat was in Sy hart voordat Hy geskep het. Hoekom het Hy geskep. Niemand vra na die Vader se hart nie. Ons is so gewoond aan 'n mensgesentreerde godsdiens. God is Vader. Kom kyk saam met ons verby die sienlike. 'n Verrassende ontdekking van goddelike eenheid en een-gees-wees. Ons kan net gelukkig wees as onsweet waarom ons bestaan en wat vir ons bedoel is. Kom sit by ons Vader se hart en hoor wat Hy vir jou uitgemeet het. Bevrydend.

1344 'n Rus vir die siel. 3xcd's Is soiets montlik in hierdie lewe?? Ware rus word nie gevind in Christus alleen nie, maar in jou eenheid met Christus. Die goddelike uitwerking van Sy goddelike inwerking. Draai na di twat in jou is – daar begin geestelike ontwikkeling. Sielorus is iets wonderlik, maar in godsdiens is dit ongelukkig baie skaars.

1345 Balans tussen Genade en geloof. 3xcd's. Is alles wat met ons gebeur werklik die wil van die Here. "Alles werk ten goede uit", word verkeerd verstaan en daarom aanvaar ons alles as God se wil. Genade is God se plan en geloof is ons reaksie daarop. Die twee kan nie losstaan van mekaar nie. Geloof vertrou nie die Vader vir iets wat Hy moet doen nie – Geloof sien wat Hy klaar gedoen het en reageer daarop. Partymaal "suffer" ons verniet omdat ons dink dit is God se wil. 3 wonderlike CD's om te kry en die lewe beter te verstaan.

1346 – HART VAN DIE UNIVERS – God het 'n "dilemma". Sy krag en Sy liefde veroorsaak hierdie dilemma vir Hom en vir ons. SY krag kan enige iets doen. Maar wat Hy doen kan mens nie forseer om Hom lief te he nie. Liefde is 'n keuse. En Hy wil niemand forseer om Hom lief te he nie, want dis nie ware liefde nie. Die mens dink Hy het God se krag nodig om alles reg te maak, maar God se krag kan nie die Paradys aan ons teruggee nie. Hierdie Boodskap van Stephen is elaaai met die atmosfeer wat n die Paradys was toe dit net God en Sy mense was.

1347 – WAT IS EK. Beeltenis en Gelykenis – N Nuwe diepere kyk na ons samestelling as die godsoort. Nie gode nie, maar soos Hy gemaak want net soort kan met soort "fellowship". Ons is die droom in God se hart vir miljoene jare tot die dag wat Hy besluit – kom ons maak mense na ons beeltenis en ons gelykenis. Jesus is nie die voorbeeld wat ons moet navolg nie – Hy is ons speelbeeld om vir ons te wys hoe ons lyk – die beeld en gelykenis van God, nes Hy. *What is man, that thou makest much of him? and that thou settest thy heart upon him* - Ons voel baie kere dat daar iets met ons verkeerd moet wees – hoekom verbeter ons situasies nie. Alles is deesdae 'n gesukkel. En alles wat met ons gebeur, maak dat ons vergeet WAT ONS IS Ons voel gemiddeld – want wie kan spesiaal voel as alles in jou lewe gemiddeld is. Maar God het ons gemaak om van Sy soort te wees. Jy is 100% "compatible" met God. 'n CD vir almal.

1348 – IDENTITEIT KOM UIT SAAD. (1cd soos bedien in Sasolburg) Ons moet keis of ons gaan leef vanuit die vleeslike etiket wat om ons hang of die

geestelike waarheid omtrent jouself. “Relate” jy met jou vlees of met die onverganklike Christussaad?”

1349 – Eersgeboortereg – Seunskap en Vaderskap. Die verksil tussen ‘n seun en ‘n weeskind. GOOD NEWS BIBLE: (Joh 8:35) *A slave does not belong to a family permanently, but a son belongs there forever.*

‘n Wonderlike boodskap om Vader se hart vir jou te wys. Jy is in Sy huis. Sy tafel is voor jou gedek. Eersgeboortereg is die reg wat Jesus het op die Vader se besittings en omdat ons mede erfeganne is, is ons ook eersgeborenes. Gdo se droom in die ewge verlede was seuns. Ons is nie sommer net hier as mense nie. Ons is deel van iets baie groot en die kennis hiervan gee aan jou lewe ‘n nuwe kragtige dimensie.

1350 – Sonde. 2 X CD’s. Ons is wedergebore, maar tog doen ons nog sonde. Waarom? Wat is die verskil tussen die vlees en die sondige natuur? Die Nuwe Testament noem ons nooit meer sondaars nie, maar heiliges. So ons is heiliges wat nog soms sonde doen. Hoe werk dit? Hierdie twee CD’s gaan vir alles opklaar oor sonde. Al ons vrae oor hoekom ons sonde doen, word hier beantwoord. Groot oorwinningsboodskappe.

1351 – Wat het Jesus gepreek? Jesus sê: AS jy hand jou laat struikel kap dit af. As jou oog jou laat struikel pluk dit uit. Ons is nie volmaak nie en het al op hierdie manier gestruikel, so waarom kap ons dit nie af nie? Jesus sê as iemand jou op jou wang klap, draai die ander kant. Hoekom doen ons dit nie? Hy sê as iemand iets van jou leen, moenie terug verwag nie. Hy sê dat jy nie net jou oorkleed moet gee as iemand vra nie maar ook die res. Waarom doen ons dit nie? Hy verwag dat ryk mense hulle goed alles moet gaan verkoop en dit vir die armes gee. Hoekom doen ons dit nie? Kom ontdek saam met ons die skokkende Skrif wat wys dat mense onder die wet nog in sonde leef. In hierdie boodskap vat Stephen u na die antwoord en oplossing van Jesus se Evangelie.

1352 – Goedkoop Wet. Wettiese mense het stress oor die golf van Genade prediking wat besig is om deur die kerk te trek. Dit is “Goedkoop genade”, word dikwels gehoor in die gange van die Kerk. Maar die waarheid is dat mense wat dink hulle kan die wet hou, maak die wet goedkoop. Die wet is volmaak en geen mens is nie. Deur te dink ek kan soos Jesus word, is om die wet te beledig en te dink ek is volmaak genoeg om soos Jesus te word deur wat ek doen. Die Wet is gans te heilig vir die beste van ons. Goedkoop wet is om te dink ek kan die wet gelukkig maak deur wat ek doen, maar hierdeur verlaag ek eintlik die wet se standarde en maak dit goedkoop.

1353 – Here weet U hoe dit is om EK te wees. 2xCD's.

Openbaringskennis en Binnekamertaal op sy beste. Die volgende beskryf hierdie kort Reeksie die beste: *The Gospel is not the message of what we must do to get a SMILE on the face of God. It is the message about what HE HAS DONE to get a SMILE ON YOUR FACE. Hierdie kragtige boodskappe gaan u laat glimlag. Dit is goeie nuus! Voorwaar het Jesus nie gekom om God se “mind” oor ons te verander nie, maar om ons “mind” oor God te verander. Ons godsdiens het ons weggehou van HOE God werklik is en wat in Sy hart is vir jou. God was nooit ons vyand nie. Hy was nooit teen ons nie. Dié kruis is nie daar om God se wraak teenoor ons te stop nie, maar sodat ons kan sien hoe God nog altyd oor ons gevoel het. Vars openbaringswoord.*

1354 – Die Dilemma van die Wet. Die Wet gee ons 'n wettige rede om NIE in verhouding met God te wees nie. 'n Verrassende “nuwe” perspektief op die resultate wat die wet gebring het in ons verhouding met Jesus. Onder die Wet hoef jy nie 'n verhouding met God te hê nie. Jy moet net die reëls kan hou.

1355 Getuig vir die Evangelie van genade. Paulus se Evangelie verskil van DIT wat mense “Evangelie” noem in hierdie dae. Genade beledig die intellek

van die mens. Dit vat die beheer uit die hande van godsdienstige mense wat dink hy kan punte verdien deur wat hy doen. Dit ontbloot die skynheilige wat dink hulle het genade nie so nodig soos sommige ander mense nie. Nie net moet sondaars gered word nie, maar ook skynheiliges. Die wêreld sê, word lieflik en ons sal jou liefhe. Jesus sê – Ek het jou lief en dit maak jou lieflik.

1356 – Die Christussaad – (4x CD's) Alle lewe begin met Saad. Ook die Christelke Lewe. Volle lewe is in Saad gedeponeer. Die misterie van die Christussaad is die vertrekpunt vir die verstaan van wie ons is as Christene. Saam met die Reeks oor die Misterie gaan 'dit n nuwe wêreld vir u oopmaak.

1357 Eenrigting Liefde. Reeks (5 x CD's) Die lewe is soos "n tweerigting verkeer. Neem en gee. Alles kos 'n prys. Die leuen van, God help net diegene wie hulle self help, laat baie mense dink dit staan in die Bybel. Die lewe is vol voorwaardes. Iemand stel dit so mooi: *accomplishment precedes acceptance; achievement precedes approval*. Maar die Bybel is agterstevoor wat die lewe betref. Dis dwaasheid vir die natuurlike mens. Dit gaan oor God se eenrigting liefde. Dit gaan nie oor die goeies wat bo by God uitgekom het nie. Dit gaan oor God wat by die slegste van ons uitgekom het. Dit gaan nie oor die geseënde goeies nie, maar oor die geseënde slegtes. Dit gaan nie oor die werke van die gereddes nie, maar oor die werke van die Redder. Die Bybel gaan nie oor goeie raad nie, dis nie 'n resepte boek nie, dis goeie nuus. Genade verwag niks in ruil terug nie. Dit gee en gee en gee en gee. En vanuit ons perspektief gee dit altyd aan die verkeerde persone. Dit weerspreek alle logika. Dit opponeer enige verdienste. Luister na die Reeks. Dit gaan alles vir jou verander.

1358 Satan se rol in God se Plan. Die Skepping stel God terleur. God soek kinders, maar kinders kan nie geskep word nie. God het nooit gese dat Hy spyt is oor Sy kinders nie. Satan se rol leer ons diep waarheid. Wonderlike preek

1359– Die Dilemma om heilig te wees is opgelos. Die Here sê ons moet heilig wees soos Hy. Jesus sê dat niemand goed is nie. Hoe kan ons ooit heilig word?? Een van Stephen se beste boodskappe.

Die Skrif wat sê – Wees heilig, want Ek is heilig – het altyd baie spanning by my gebring. Die standaard was net te hoog. Wat is die oplossing? Soos bedien in Oudtshoorn.

1360 – Christenskap en Godsdienst –Karl Barth het gesê:God het Homself nooit in enige godsdienst openbaar nie – ook nie in die Christelike godsdienst nie – God het Homself net in Jesus Christus kom openbaar.

1361 – Die Goeie Nuus – Soos bedien by ‘n groot Interkerklike ChristusFees in Oudtshoorn. ‘n Mylpaal aand vol wonders en ‘n kragtige Teenwoordigheid van die Here. U gaan dit ervaar terwyl u luister na hierdie CD. Die Hemel is oop bo ons!!

1362 – Die Romanse van Genade – Reeks.3xcd’s– Die Ou testament gaan oor ons wil. Die wet vra jou wil. Die Nuwe Testament gaan oor ons hart. Jesus vra ons hart. Daarom gaan die Ou testament oor die mens se gehoorsaamheid en die Nuwe testament gaan oor Jesus se gehoorsaamheid en eengeeswees met Christus in ons. Vry van die wet. Christus in ons, vra ons hart en ‘n hart wat homself verloor in Liefde het nie ‘n wet nodig nie.

1363 – Jesus en Paulus – 1 CD. ‘n Inleidingsboodskap na die dieper verstaan van die *Christlife* Boodskap. Jesus bedien onder die Ou Testament en Paulus bring vir ons die Nuwe Testament oor die verre Christus.

1364 – Vry van die Vloek – 1Cd – 24/7 – Wie kan vervloek wie die Here klaar geseen het.

1365 – Die Wet en die Kruis.(4x CD's) Bybelkursus Reeks. Die Reeks sluit die volgende in. Die kruis skei die Nuwe testament en die Ou testament. Paulus se Evangelie help die dissipels verstaan wat aan die kruis gebeur het. Die onderskeid tussen Israel en die Kerk en waarom ons vry is van Joodse gebruike. Die Wet van Moses en die Kerk. (Baie leersaam) Moenie die Ou- en Nuwe Testament meng nie. "Rightly Dividing the Word of Truth" Die Sabbat. Duidelike tekens dat ons vry is van die hele Wet. Gaan ons dan nie sonde doen as daar nie 'n Wet is nie. Waar end die Ou Testament en waar begin die Nuwe eintlik? Die Wet se probleem met Jesus as ons Hoepriester.

1366 Eet en drink saam met die Here. Nuwe verbondsmaaltyd en hoe dit ons lewens raak. Paulus se Evangelie word hierin gesien. Die krag van die Verbond wanneer dit met geloof vereenselwig word.

1367 Die Kruis en Die Bloed. 'n Nuwe Reeks opgeneem in Oudtshoorn. Die Bloed van Jesus werk met ons sondes. Die kruis van Christus maak die sondaar dood.